

Hierdie is LitNet se koekiebeleid. Hierdie beleid moet gelees word in samehang met ons [bepalings en voorwaardes](#) en ons [privaatheidsbeleid](#).

- **Wat is webkoekies?**

Koekies is klein tekslêers wat op jou toestel geplaas word wanneer jy ons webruimtes besoek. Hierdie lêers bevat geen persoonlike data nie, maar laat ons toe om jou met 'n spesifieke toestel te verbind. Baie webtuistes gebruik koekies.

- **Hoekom gebruik ons koekies?**

Koekies het baie nuttige funksies:

- Dit gee jou toegang tot ons en ons susterswebwerwe se inhoud;
- Dit laat ons toe om ons webwerwe se funksionaliteit spesifiek volgens jou behoeftes aan te pas deur jou voorkeure, ligging of tipe toestel te onthou;
- Dit verbeter ons webwerwe se werkverrigting;
- Dit help ons om te verstaan wie ons gehoor is sodat ons inhoud kan verskaf wat direk op jou van van toepassing is;
- Dit laat derdepartye toe om dienste vir ons webwerwe te skep;
- Dit help ons om, waar dit relevant is, belangstelling-gebaseerde advertensies, in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing, te plaas.

- **Watter soort koekies gebruik ons?**

Ons maak op ons webwerwe van verskillende soorte koekies gebruik. Sommige koekies word deur onself geplaas, en ander deur derdepartye insluitend, maar nie beperk nie, tot verskaffers of adverteerders. Hierdie koekies kan op verskillende tye van jou toestel verwyder word, soos byvoorbeeld aan die einde van 'n blaaisessie (wanneer jy die werf verlaat) en na 'n voorafbepaalde tydperk, of kan op jou toestel bly tot jy dit self uitvee. Ons maak gebruik van die volgende koekies:

Noodsaaklike koekies

Hierdie koekies is nodig sodat die webwerf kan funksioneer en kan nie in ons stelsels afgeskakel word nie. Dit is gewoonlik gestel om net te reageer op die gebruiker se handeling, wat neerkom op 'n versoek vir dienste soos die stel van jou privaatheidsvoorkeure, aanmelding of die invul van vorms. Jy kan jou blaaier stel om hierdie koekies te blokkeer of jou daarvan in kennis te stel, maar sekere dele van die werf sal dan moontlik nie werk nie.

Let wel: Hierdie koekies stoor nie inligting wat jou persoonlik as individu kan identifiseer nie.

Werkverrigtingskoekies

Hierdie koekies stel ons in staat om besoeke en verkeersbronne te tel sodat ons die werkverrigting van ons werf kan meet en verbeter. Dit help ons om te weet watter bladsye die gewildste en watter die minste gewild is, en om te sien hoe besoekers op die werf rondbeweeg. Al die inligting wat hierdie koekies versamel, is saamgevoeg en is dus anoniem.

Toespitste koekies

Hierdie koekies word deur middel van ons webwerf deur ons reklamevennote gestel. Dit kan moontlik deur daardie maatskappye gebruik word om 'n profiel van jou belangstellings saam te stel en vir jou relevante advertensies op ander webwerwe te wys. Dit werk deur jou blaaier en toestel uniek te identifiseer.

Let wel: Hierdie koekies stoor nie persoonlike inligting nie, maar werk deurdat dit jou blaaier en internettoestel identifiseer. Indien jy nie hierdie koekies toelaat nie, sal jy nie ons toespitsreklame op verskillende webwerwe sien nie.

- **Uitwissing van koekies**

Jou internetblaaier aanvaar in die algemeen koekies by verstek, maar jy kan dit verhoed deur jou stellings aan te pas. Jy kan koekies ook met die hand uitvee, maar let daarop dat al ons webwerwe koekies gebruik om optimaal te funksioneer en nie meer bruikbaar mag wees indien jy sekere koekies verwyder nie.

- **Bywerk van die beleid**

Ons mag van tyd tot tyd veranderinge aan hierdie beleid aanbring. Wanneer ons wel wesentlike veranderinge aanbring, sal ons jou inlig deur 'n prominente kennisgewing op ons webwerf te plaas of per e-pos.